# Bybel vir Kinders

bied aan



# Rut: 'n Liefdes Verhaal


Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Janie Forest

Vertaal deur: Yvonne Kriel

Aangepas deur: Lyn Doerksen



Storie 16 van 60

**www.M1914.org**

***Bible for Children,*** *PO Box 3, Winnipeg, MB R3C 2G1 Canada*



Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.


Afrikaans

As jy jou ouma-grootjie, hulle ouers en al die familie voor jou kan ontmoet sal jy verbaas wees oor watter tipe mense hulle was. In die Bybel was een van Jesus se mens voorouers Rut – 'n Moabitiese vrou wat gode aanbid het.



1

Die storie van Rut begin in Israel na die tyd van Simson, wanneer die mense van God opgehou het om God gehoorsaam te wees en te vertrou. 'n Vreeslike hongersnood het die land getref.



2


Weet jy wat is 'n hongersnood? Dis reg! 'n Hongersnood is wanneer geen vrugte of graan groei nie en die diere en party mense van honger dood gaan.
3
Een man, Elimèleg, het Bethlehem verlaat met sy vrou en twee seuns, om te soek vir kos. Hy het na Moab, 'n land waar hulle gode aanbid gegaan.
4
Dit het nie goed gegaan met Elimèleg en sy familie in Moab nie.
Giljon
Elimèleg
Maglon
Hy het gesterf asook sy twee seuns.
5
Sy vrou Naomi was nou alleen met die vrouens van die twee seuns,
Giljon
Elimèleg
Maglon
Rut en Orpa. Altwee vroue was van Moab.
6
Naomi, nou 'n weduwee het gehoor dat GOD Sy mense besoek het en aan hulle brood gegee het. Sy het besluit om terug te gaan na haar land.
7
Wat sou die twee jong vroue doen? Naomi het aan hulle gesê om in Moab te bly en weer te trou.
8



Orpa het teruggegaan na haar eie familie, maar Rut het geweier. Rut het 'n pragtige gedig opgesê waarin sy belowe om nooit haar skoonmoeder te verlaat.

9

Naomi se ou vriende was bly dat sy terug gekom het na Bethlehem. Sy het hulle gevra om haar "Mara" (Bitter) in plaas van Naomi (aangenaam) te noem. "Want die Almagtige het my baie bitterheid aangedoen." Naomi het teruggekeer met niks – behalwe Rut.



10



Alhoewel Rut gode aanbid het soos meeste mense in Moab, het sy begin om die Lewende God van Israel te aanbid. Rut het hard gewerk om seker te maak Naomi het genoeg om te eet. Elke dag het sy die oesters in die land gevolg en die oorskiet graan opgetel.



11



Boas, die eienaar van die land het gehoor hoe goed Rut vir haar skoonmoeder was. Toe hy haar ontmoet het Boas haar gehelp deur vir die oesters te sê om handevol graan agter te laat met opset. Boas het van Rut begin hou.

12



Rut het Naomi vertel van Boas en sy vriendelikheid, die ouer dame het God geloof. "Die man is familie van ons, hy is een van ons lossers."

13





Soos die tyd verby gegaan het wou Boas met Rut trou en na Naomi en hulle familie se land kyk. 'n Ander naasbestaande het die eerste keuse gehad.

14





Die man wou die land hê – maar hy wou Rut nie as sy vrou neem nie. Die wet het gesê hy kan nie die een kry sonder die ander nie.

15

In daardie dae het mense nie hand geskud om 'n transaksie te beklink nie. Boas het sy sandaal in die publiek uitgetrek en aan die ander man gegee. Die besigheid was afgehandel.
Rut sou nou sy vrou word.



Sy en Naomi is nou deel van Boas se familie.

16

Boas en Rut het hul eerste seun Obed genoem. Hy was die oupa van Dawid, die Koning van Israel.



17

Maar nog meer fantasties, baba Obed was 'n voorouer van die Here Jesus Christus. Jesus is gebore uit die familie van Dawid om die Koning van Konings te wees en die Redder van die wêreld.




18

Rut: 'n Liefdes Verhaal

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Rut

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

God weet ons het lelike dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood.

God het ons so lief gehad dat hy Sy Enigste seun, Jesus, gestuur het om aan 'n kruis te sterf om vir ons sondes te betaal. Jesus het lewendig geword en Hemel toe gegaan! Sodat God ons ons sondes kan vergewe.

As jy nou jou sondes vergewe wil he, se die volgende aan God: Liewe Jesus, ek glo dat U vir my gesterf het en weer opgestaan het. Kom asseblief in my lewe in en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, en eendag vir ewig saam met U kan lewe. Help my om vir U te lewe en U kind te kan wees. Amen. Johannes 3:16

Lees die Bybel en praat met God elke dag!